

Hallo Inge en totsiens Joelene by Lochies

# 4de kwartaal 2016 in die "HEY!

## HEY! Brokkies Nuus

Ons eer God vir 'n geseënde 2016: *sowat 3300 kinders word bedien deur 84 HEY! Vrywilligers* **Hier deel ons net 'n paar brokkie-hoogtepunte van die 4de kwartaal**:

**1.HEY! Hartseer en troos:** Ek begin die met hartseer nuus: In Oktober is 'n gr5 leerder by Danie Ackermann, **Granville Bosel** oorlede na 'n meswond. Die laaste inskrywing in sy "Beste Vriende" boekie van Mailbox club het duidelik getoon dat hy reeds 'n keuse vir Jesus gemaak het, lief was vir die Here en 'n pad met Hom gestap het. Dit was bemoedigend om dit te kon weet en te kon deel met skool en sy familie. **Ons besef veral na dié tragiese voorval watter voorreg dit is om in skole die geleentheid gegun te word om met kinders die Evangelie te deel veral in klasverband waar baie kinders bereik word**. Die realiteit is dat dood op enige ouderdom en enige dag kan kom en ons roekeloos die Woord moet saai! Daar het groot getalle kinders na insident opnuut 'n keuse vir Jesus gemaak of hul lewens by hernuwing aan Jesus gegee...en ons eer God hiervoor.

**2.HEY! vat graag hande met skole:** Die gr6 en 7 groep by **De Hoop** is KFC (Kids for Christ) en HEY! neem die Bybelklas daar waar. Ons is gevra om die jaarlikse "**cupcake" verkoping ten bate van Aanhou-Wen** by hul markdag as KFC groep te doen. Dit was spesiaal om te kon hande vat met De Hoop en gr6 leerders asook Jess en Linda het kom help. Die gr6 seuns het nie net koek verkoop nie maar ook "Pad van Hoop" boekies uitgedeel aan die kinders teenwoordig en so die Evangelie versprei!

De Hoop KFC seuns by Aanhou-Wen:




**3.HEY! reik uit:** **UT PROSIM is Beaumont se leuse en om te dien** is wat die sowat 90 gr1,2 en 3's gedoen het! ♥ Die sowat 101 kinders na wie uitgereik is (wynplaaswerkers se kleuters van Rustenhofplaas, Croydon, Babbel en Krabbel en ook Hope&light se gr 1 klas) geniet die uitstappie by die helderberg natuurreservaat baie! Dankie aan Narrie en Katinks, Marike, Natasha, Tanja en tannie Alta wie almal deel gehad het in sukses van dag. Die kinders het ***Hand 20:35*** eerstehands ervaar:***"..die woorde van die Here Jesus moet onthou, dat Hy gesê het: Dit is saliger om te gee as om te ontvang."***



Uitreik 2016! Wat 'n wonderlike dag!

**3.HEY! Begin bedien by Temperance Town:** Ons kon die kwartaal begin om hier **saal-opening waar te neem**. Chris en Nicholaus het gehelp en ons sien uit na die pad wat ons met die skool van 950 leerders stap!

Temperance Town saalopening



**4.HEY! groet Joelene en verwelkom Inge by Lochnerhof!** Joelene verhuis na Worcester en dis met hartseer wat ons totsiens sê. Sy het Lochies met passie en entoesiasme gekoordineer en gee nou die leisels oor aan **Inge de Kock** wie ons weet die rol perfek sal kan vervul! Welkom op die HEY! Span!

**DANKIE VIR ELKEEN WIE ONS ONDERSTEUN OP WATTER WYSE OOKAL, ONS WAARDEER JOU OPREG!**